

**GEVORDERDE-PROGRAM AFRIKAANS**

Tyd: 3 uur

300 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 3 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Beantwoord AL die vrae in hierdie vraestel.

Vraag 1: Tekste wat jy bestudeer het uit TWEE van die volgende genres:

- Prosa
- Drama
- Film

Vraag 2: TWEE Digtyperke uit die Afrikaanse Poësie

Vraag 3: Filosofiese besinning oor jou eie leesgeskiedenis

4. Nommer jou antwoorde presies volgens die nommers van die vrae.
  5. Begin elke antwoord op 'n nuwe bladsy.
  6. Elke antwoord moet die vorm aanneem van 'n eksak beredeneerde en deeglik gestaafde opstel. Daar is geen voorgeskrewe lengte vir die opstelle nie, slegs 'n verwagting dat jy akkuraat en met insig redeneer oor die tekste wat jy gelees het en dat jy beoog om jou eie stem en sienswyse na vore te bring in jou opstelle.
  7. Let asseblief daarop dat die gehalte van jou skryfstyl, die struktuur van jou argument, en die **vaardigheid en juistheid van jou gebruik van aanhalings (sowel as direkte verwysings na tekste)** in aanmerking geneem word wanneer jou antwoorde beoordeel word.
  8. Korrekte spelling, taalgebruik, en gepaste register, sowel as leesbaarheid, sal natuurlik in jou guns tel.
-

**VRAAG 1**

**Skenk aandag aan die tema, "Enkeling en Samelewing", by beantwoording van hierdie vraag.**

Hierdie vraag vereis dat jy noukeurig verwys na TWEE tekste vanuit elk van die TWEE genres (prosa, drama, film) wat jy bestudeer het: dit is altesaam **vier** tekste. (Jy **mag** na meer as twee tekste uit elk van jou gekose twee genres verwys). Lees die volgende aanhaling noukeurig en reageer daarop volgens die opdrag.

*'n Goeie boek, drama, film leer jou van die wêreld en van jouself. Jy word wyser met groter insig in die waarhede van die lewe. Die beste, die grootste van hierdie tekste help jou om die verhoudings tussen man en vrou, ouers en kinders, mens en God beter te begryp, en om jou plek in die samelewing waarin jy jou bevind te identifiseer en in te neem en so uit te leef.*

(M. Adler & C. van Doren)

Redeneer en evalueer **in watter mate** die tekste wat jy bestudeer het aan sodanige kenmerke van die mens se bestaan uitdrukking gee dat lesers 'n beter begrip het van die samelewing waarin hulle hulself bevind.

[100]

**VRAAG 2 POËSIE**

Hierdie vraag vereis dat jy na die volgende ongesiene gedig "*Alles en niks*" deur Gerhard Rasch as 'n vertrekpunt sal verwys, EN na minstens DRIE gedigte vanuit ELK van TWEE Digtydperke wat jy bestudeer het: dit is altesaam 6 gedigte.

**Alles en niks**  
(Gerhard Rasch, 2005)

'n mens sou graag oor iets relevants wou skryf

woordtapyte wou weef met oosterse wysheid  
miskien praat van watervalle of naakte lywe  
blomme varkore op die vensterbank  
of 'n lente dis oktober die mooiste maand

met vele handgebare  
iets goed beskryf  
iets wat betekenis gee tot iets anders  
bloed in die strate  
en hoor ek reg selfs 'n bom hier naby iewers

'n mens sou graag in hierdie lewe wat voor jou afspeel  
ter sake wees

In sy gedig worstel die digter met die idee van relevansie. Vir hom is dit belangrik dat 'n gedig ter sake moet wees.

**In 'n opstel interpreteer en gebruik van die temas waarop hy besluit as voorbeelde van tersaaklikheid om ook jou SES gedigte uit TWEE tydperke te ondersoek vir relevansie.**

- Watter ander temas maak ook jou gekose gedigte tersaaklik, d.w.s. belangrik vir vandag?
- Daar word verwag dat jy na die Rasch-gedig kan verwys.
- Gebruik die gedig hierbo as 'n vertrekpunt. Moenie bekommerd wees dat dié gedig nie direk uit die digtydperke wat jy bestudeer het kom nie, of dat die digter nie bekend is nie.

[100]

### VRAAG 3

Wanneer jy hierdie vraag beantwoord, moet jy direk verwys na VIER beduidende fiktiewe werke (vier romans of drie romans en 'n bundel kortverhale) wat jy **onafhanklik gelees en bedink** het vir hierdie eksamen.

*As jy 'n storie lees wat jou werklik aangryp, jou insuig, sal jou liggaam jou vertel dat jy deur hierdie ervaring lééf! Jy ervaar fisiese tekens soos verhoogde hartklop, sweterige handpalms, óf kalm, ontspanne asemhaling; afhangend van jou bui. Hierdie simptome is dieselfde as in soortgelyke realiteitsgebeure - vrees, woede, vreugde of hartseer. Watter wonderwerk is dit nie dat jy hierdie ervarings kan beleef deur slegs jou oë oor 'n bladsy te beweeg!*

(Joseph Gold 1990)

Lees die aanhaling hierbo noukeurig en reageer dan daarop vanuit jou belewenis met die tekste wat jy self gelees en bedink het. Watter ervarings, simptome, emosies wat jou altyd sal bybly, het jy beleef tydens jou leesproses. Stip jou ervarings neer op 'n bladsy deur jou pen oor die bladsy te beweeg!

[100]

**Totaal: 300 punte**